Hulpbronwenke vir Nuwe Aktiviste-organisasies of Groepe

deur FRIDA | Young Feminist Fund

As 'n opkomende grondvlak organisasie, dikwels gelei deur jong vroue of Trans-jeug, is dit nie altyd maklik om toegang te kry tot tradisionele bronne van befondsing nie. Daar sal heel moontlik moeilike vereistes van skenkers wees.

Algemene Uitdagings en Hoe om dit Aan Te Spreek

- Al het al die lede van jou groep jare se aktivisme-ervaring, is dit soms nodig dat jou organisasie vir **ten minste 5 jaar of langer** bestaan en 'n geskiedenis met skenkers het om suksesvol te wees met befondsing. In sekere gevalle is daar ongelukkig wantroue vanaf sommige institusionele skenkers in jong en grondvlak organisasies se vermoë om befondsing en rapporteringvereistes te hanteer, of skenkers word nie maklik oortuig van 'n nuwe groep se kapasiteit om die werk te doen nie. Daar is egter fondse wat spesialiseer in ondersteuning van nuwe groepe (sien hulpbronne hieronder vir meer besonderhede)! Nog 'n opsie is 'n **vennootskap** met meer gevestigde organisasies wat ervaring het om toegang tot befondsing te kry, sodat julle saam kan werk en vir befondsing aansoek doen.

- Skenkers kan versoek dat jou organisasie **geregistreer** is om befondsing te ontvang; sommige groepe/ondernemings/netwerke verkies egter om informeel te bly vir verskeie redes. Dit kan verband hou met hulle politiek of weens kwessies met korrupsie of veiligheid in die land waarin hulle werk. 'n Manier om dit aan te spreek is om 'n **'fiskale borg'** te kry, 'n meer gevestigde organisasie wat jy vertrou om fondse namens jou te ontvang. Dis algemene praktyk en 'n goeie manier om met 'n ander organisasie saam te werk. Maak seker dat jy 'n Akte van Verstandhouding het met jou fiskale borg.

- Sommige skenkers verskaf slegs beperkte ondersteuning vir spesifieke projekte. Moenie skroom om 'n voorstander te wees van **'kernondersteuning'** wat jou basiese operasionele kostes dek nie; ons moet meer befondsers leer en oortuig van die waarde van kernondersteuning. Kernondersteuning is algemene ondersteuning vir jou organisasie wat nie beperk is tot 'n spesifieke projek nie; dit kan kostes dek vir personeel, huur of enige iets verwant aan jou werk. Sien die onderstaande hulpbronne.

- Wanneer jy aansoek doen vir fondse, kan jy gevra word vir 'n **verwysing**. Selfs al is jy 'n nuwe organisasie is dit belangrik om iemand te hê wat in jou glo en kan getuig van die ervaring en vaardighede van groepslede. Moenie die belangrikheid van 'n goeie verwysing onderskat nie. Indien niemand 'n verwysing vir jou groep kan gee nie, vra vir verwysings van individue in die groep met klem op elke persoon se vaardighede en vermoë om 'n nuwe groep te stig en **vorentoe te neem**.

Ten spyte van die struikelblokke wat jong grondvlak organisasies daarvan kan weerhou om toegang te kry tot tradisionele bronne van befondsing, is daar wel dinamiese en toegangklike befondsing. Hieronder is voorbeelde van vroue- en jeugfondse; daar bestaan veel meer. Vra altyd organisasies wie hulle befonds sodat jy jou netwerk uitbrei.

Alternatiewe Maniere om Hulpbronne te Mobiliseer

Ons werk maak dikwels swaar staat op kontantvloei vanaf groot buitelandse agentskappe in meer ontwikkelde lande. Ons weet dit kan moeilik wees om befondsing van tradisionele skenkeragentskappe te kry; dis altyd goed om alternatiewe fondsinsameling te gebruik.

As 'n aktiviste-organisasie is jy daartoe verbind om magsongelykheid aan te spreek, stereotipes uit te daag, en progressiewe gemeenskappe te bou. Onthou om hierdie waardes toe te pas met jou fondsinsameling! Om hulpbronne te mobiliseer is inherent 'n politieke en betekenisvolle saak. Dis steeds 'n belangrike strategie om uit te reik na befondsers wat nie openlik meld dat hulle nuwe groepe befonds met kernondersteuning nie; dis belangrik om hulpbronne uit te brei en interaksie en aanspreeklikheid in die beweging voor te staan. Skryf duidelike briewe aan befondsers om te vra of hulle dit sal oorweeg om jou groep te befonds; skryf 'wat, hoe en hoekom' jou groep die werk doen, asook hoekom dit belangrik is om groepe soos joune te ondersteun om groter momentum te bou en menseregtestandaarde te bereik.

'n Gesonde begroting is 'n teken van sterk ondersteuning; een wat gefinansier word deur jou eie gemeenskap is nog sterker want dit verenig mense vir sosiale verandering! Navorsing het ook getoon dat individuele skenkers (veral vroue) soms die mees waardevolle en volhoubare bron van befondsing kan wees. Selfs al skenk hulle kleiner bedrae, is hulle geneig om gereeld en veel langer te skenk. Terwyl 'skenk' in sommige kontekste 'nuut' of 'uitheems' kan voel, probeer om te fokus op jou gemeenskap se bestaande kultuur en geskiedenis van gee – al is dit op verskillende maniere soos om tyd en goedere te skenk. Natuurlik hang publieke fondsinsameling af van die sekuriteitsituasie in jou land, en of die finansiële stelsels in jou land aanlyn skenking ondersteun.

RUTGERS School of Arts and Sciences

FRIDA | The Young Feminist Fund

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu

Hier is 'n Paar Opsies om te Oorweeg

Lidmaatskap- en Affiniteitsfondsinsameling
Fondsinsameling vanaf jou lede is 'n tradisionele praktyk wat gereelde en tydige ondersteuning verskaf. 'n Lidmaatskap-program vir jou ondersteuners stel jou in staat om 'n groot netwerk te bereik deur maandelikse en jaareind donasies (onthou skenkingvlakvoordele). Affiniteitsfondsinsameling bring mense bymekaar wat iets in gemeen het. Dis een van die beste en koste-effektiefste maniere om basiese hulpbronne vir jou organisasie te kry: finansieel, menslike hulpbronne, kantoorspasie, toerusting ens. Terselftertyd skep jy interaksie tussen mense betrokke by dieselfde saak, en word die woord versprei deur jou vriende, kollegas en ander kontakte. Navorsing toon dat mense al hoe meer geneig is om te gee omdat hulle ander mense in hulle netwerk sien gee. Met ander woorde, om te gee is wonderlik aansteeklik! Gee-sirkels neem ook toe: dit bring 'n groep toegewyde individue saam wat fondse wil insamel vir 'n spesifieke saak. Jy kan jou eie gee-sirkel begin en mense ondersteun om aan kreatiewe maniere te dink om hulpbronne vir jou werk te mobiliseer.

Aanlyn Fondsinsameling, Sosiale Media, Skarebefondsing
Sosiale media is 'n goeie manier om baie mense in verskillende dele van die wêreld te bereik wat jou groep kan ondersteun en jou boodskap versprei, sonder om baie finansiële hulpbronne te gebruik. Jy kan mense inlig oor jou werk deur 'n effektiewe fondsinsamelingsveldtog wat verskillende digitale media gebruik. Jy kan jou eie fondsinsamelingsveldtog skep wat jou werk weerspieël in 'n formaat wat vinnig uitgestuur kan word; dis 'n goeie manier om uit te staan en hulpbronne in te samel. Aanlyn skarebefondsing is 'n gewilde nuwe tendens, en dis goed om op te lees oor verskillende beskikbare platforms en een te kry wat by jou behoeftes en waardes pas. Indiegogo bly een van die gewildste skarebefondsing platforms, en word gebruik deur besigheidsentrepreneurs, kunstenaars en sosiale aktiviste. Catapult is 'n platform wat eksklusief toegewyd is aan vroue se menseregte, terwyl Fundly gefokus is op sosiale weldoening. Onthou egter, soos alle strategieë is skarebefondsing nie altyd perfek nie en dit kan steeds baie tyd en inspanning verg.

Indien jy die fondse of menslike hulpbronne in jou gemeenskap het, ontwerp 'n webwerf met 'n Skenk opsie. Daar is gratis bronne rakende hoe om dit te doen deur gratis webwerfuitlegte te gebruik. Die meer koste-effektiewe opsie is sosiale netwerke soos Facebook, Twitter ensovoorts waar jy 'n skenk opsie kan installeer en jou fondsinsamelingsveldtog kan bevorder. Dis ook belangrik om te besef dat dit meer ingewikkeld kan wees as wat jy dink. Byvoorbeeld, as jy 'n aparte bankrekening nodig het om die aanlyn donasies te koppel en slegs een bank verskaf hierdie diens, kan jou opsies beperk wees. Dis belangrik om die bepalings en voorwaardes en realiteite binne jou konteks in ag te neem, en praat met ander organisasies om te sien of aanlyn fondsinsameling vir jou sal werk!

Fondsinsamelingsgeleenthede
Jy kan probeer om fondsinsamelingsgeleenthede in jou gemeenskap te organiseer, of neem deel aan 'n gesamentlike geleentheid waar jy jou werk kan aanbied, inligting oor jou groep versprei, met mense bymekaar kom wat in dieselfde saak as jy betrokke is, en mense inlig oor hoe hulle jou groep kan ondersteun. Een van die mees kenmerkende eienskappe van vandag se skenkers (veral jongmense) is dat hulle betrokke wil wees wanneer hulle skenk. So raak kreatief, dit kan 'n 'flash mob', danspartytjie of gemeenskaptuinmaak wees! Hou in gedagte dat dit addisionele fondse en hulpbronne kan kos. Een voorbeeld van 'n lae-koste geleentheid is 'n vlooimark, waar lede hulle eie of familie en vriende se goedere kan verkoop, of goedere wat geskenk is kan verkoop.

Entrepreneurskap, inkomstegenerering, en privaatsektor befondsing
As jou organisasie fondse insamel deur produkte wat jy/julle vervaardig, kan jy dit bemark deur aanlyn veldtogte en by fondsinsamelingsgeleenthede; jy kan ook hulpbronne so insamel. Jy kan ook staatmaak op ander se entrepreneurskap, en kyk vir vennootskappe in die privaatsektor. Byvoorbeeld, kyk na Buy1Give1. Reik uit na plaaslike besighede of groter maatskappye in jou gemeenskap om geld, goedere of dienste te skenk. Byvoorbeeld, vir geleenthede kan jy dalk saamwerk met 'n plaaslike kruidenierswinkel en al die kos gratis kry. Of die winkel kan 'n donasieprogram hê waar klante van hulle kleingeld aan jou program kan skenk.

Sommige groepe begin hulle eie besighede om hulle werk te ondersteun. Nasawiya in Lebanon is 'n aktiviste area, sonder winsmotief, wat deur vrywilligers bestuur word. Alle fondse word gebruik om belangrike sosiale geregtigheidsinisiatiewe te finansier. Bahay Ni Isis is 'n vroue-vriendelike area wat verblyf, vergaderkamers en fasiliteite vir werkswinkels, konferensies en geleenthede verskaf in die Filippyne. Om sulke inkomste-genererende projekte te begin sal aansienlike hulpbronne verg, so bemark die idee baie goed aan jou groot skenkers wat ondersteuning kan verskaf.

Verskillende Soorte Hulpbronne wat Jy Moet Kry

Soms het ons nie-finansiële hulpbronne nodig, en terwyl dit daar is, weet ons nie noodwendig hoe om dit te kry nie. Wanneer dit kom by die bou van jou groep se kapasiteit en kennis, is daar gratis aanlyn bronne wat waardevol kan wees vir jou organisasie. Jy kan ook probeer om die kennis van feministe aktiviste in jou gemeenskap te gebruik om jou organisasie se kapasiteit te bou, selfs deur net hulle kennis met jou groep te deel. Die meeste organisasies benodig menslike kapasiteit, so jy kan hulp kry van vrywilligers; hou in gedagte dat hierdie persoon moet deel voel van jou groep, en moet leervoordele vir jou groep hê.

Vir sommige groepe kan dit maklik wees om gratis spasie van die gemeenskap te kry deur na te vors wat die beste manier sal wees om dit te doen, of om spasie te deel met 'n ander feministe organisasie. Gebruik ook sosiale media om die gemeenskap direk te vra vir hulpbronne soos rekenaars en digitale mediatoerusting.

Deel vaardighede – groeplede en hulle vriende/familie het vaardighede wat hulle kan deel en gebruik vir die werk, soos die maak van plakkate, banniere en brosjures (in plaas daarvan om baie geld te spandeer op drukwerk).

Onthou:

1. Fondsinsameling en hulpbronmobilisering is 'n belangrike deel van jou werk en volhoubaarheid.
2. Moenie vergeet om te begroot vir jou fondsinsamelings en die hulpbronne wat dit benodig nie; dit vereis 'n aansienlike hoeveelheid tyd en energie.
3. Wanneer jy aansoek doen vir geld vanaf vrouefondse en ander progressiewe skenkers, oorweeg dit om 'n begrotingslynitem in te sluit vir fondsinsameling sodat jy jou eie kapasiteit en ondervinding daarin kan opbou. Dit bewys ook aan jou skenkers dat jy toegewyd is!
4. Dit is altyd goed om 'n fondsinsamelingstrategie te hê om te wys waarvoor jy befondsing soek en hoe om die doelbedrag te bereik.
5. Oorweeg om elke stap van jou werk te dokumenteer deur middel van digitale media; dit kommunikeer jou boodskap vinnig en vertel meer oor jou werk en hoekom dit belangrik is. Dit sal jou werk meer deursigtig maak.
6. Laastens, al hierdie wenke is voorstelle om jou te inspireer! Baie hulpbronne is gerig op Noord-Amerikaanse gehore, so ons stel daarin belang om jou voorbeelde en wenke van regoor die wêreld te kry!

Hulpbronne

Verstaan Kernondersteuning en Politiek van Fondsinsameling

- AWID. Watering the Leaves, Starving the Roots http://www.awid.org/Library/Watering-the-Leaves-Starving-the-Roots
- Global Fund for Women, Trust in Women http://www.globalfundforwomen.org/storage/documents/where-we-stand/gfw_gensupport.pdf
- Starr, Kevin. "Just Give 'Em the Money: The Power and Pleasure of Unrestricted Funding". Stanford Social Innovation Review. August 3, 2011. http://www.ssireview.org/blog/entry/just_give_em_the_money_the_power_and_pleasure_of_unrestricted_funding

Algemene Bronne oor Fondsinsameling

- AWID. Where is the Money for Women's Rights? http://www.awid.org/Our-Initiatives/Where-is-the-Money-for-Women-s-Rights
- Funds for NGOs. Grants and Resources for Sustainability http://fundsforngos.org
- Grassroots Institute for Fundraising Training http://www.grassrootsfundraising.org/why-gift/political-framework

Skarebefondsing

- Catapult. http://www.catapult.org
- Crowd Crux. Top 10 Crowdfunding Sites for Nonprofits http://www.crowdcrux.com/top-10-crowdfunding-sites-for-nonprofits

Fondse vir Vroue

- International Network of Women's Funds http://www.inwf.org/womens-funds
- Women's Funding Network http://www.womensfundingnetwork.org

Jeugfondse

- Alert Fund for Youth http://www.alertfonds.nl/
- Solidarity Fund XminusY https://xminy.nl/englis/
- The Free Child Project http://www.freechild.org/funds4progress.htm
- The Global Fund for Children https://www.globalfundforchildren.org
- The Inspiring Enterprise http://www.inspiringenterprise.rbs.com/inspiring-youth/grant-funding/the-2014-fund
- UN Habitat Urban Youth Fund http://www.unhabitatyouthfund.org/Default.aspx